

Gereformeerde Kerk Bellville – 14 Oktober 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:10, 11 (Sb 26)

- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade^ois al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 148:1, 5 (p. 711)

- 1 Loof uit die heemle, loof die HEER! / Loof in die hoogtes, sing sy eer!
Loof, heil'ge eng'le, om sy troon, / die God wat in die hoogte woon!
Loof almal saam, o leërmagte, / wat Hom omring as troue wagte!
Loof, blink gesternte, maan en son: / Hy is van alle lig die bron.
- 5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde^oen hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heelal!

Gebed

Psalm 119:20, 23 (p. 591)

- 20 Ek oordink nou al my weë / om my aan u wet te wen;
of ek staan en of ek struikel, / kan ek klaar daaruit beken.
Of ek dood is, of ek lewe, / kan ek klaar daaruit verstaan.
Ek verhaas daarom my skrede / om weer in u spoor te gaan.
- 23 Voordat ek verdruk was, HERE, / het ek dwaalsiek, al maar voort
op verkeerde pad gewandel; / maar nou let ek op u woord.
U is goed, U is goeddadig, / o fontein van alle goed.
Leer my dan wat goed en reg is, / uit u goedheids-owervloed.

Skriflesing: Jakobus 1:12-18; Spreuke 4:20-27; Heidelbergse Kategismus,
Sondag 44:113

Kernvers: Spreuke 4:23

Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe. (Spreuke 4:23 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 113: Wat eis die tiende gebod van ons?

Antwoord: Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê (a).

(a) Rom 7:7.

Tema: Verban elke begeerte wat teen die liefde is uit jou hart

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, oor die tiende gebod is daar by die mense – dan praat ons van gelowige mense, want ongelowiges steur hulle in elk geval nie aan God se gebooië nie – twee uiteenlopende verklarings. Een groep mense verstaan die tiende gebod so dat jy nooit iets mag begeer nie. Dit is gewoonlik die mense wat vir jou sal sê: Ek weet 'n mens mag nie begeer nie, maar ek sal graag so 'n mooi rok wil hê of so 'n mooi kar. Dan is daar die tweede groep mense wat van oordeel is dat die wet van God die grootste sondes eerste noem. Dit is die sondes soos afgodery, misbruik van God se Naam, moord en owerspel. So verstaan hulle dat die wet dan in dalende trappe ten slotte by die minder ernstige sondes, die sondes wat makliker verskoon kan word, uitkom. Volgens hierdie groep mense is die tiende gebod dan teen die sondes wat die maklikste verskoon kan word.

Die tweede groep mense loop waarskynlik ook die grootste gevaar om die tug van God oor hulle te bring. Moedswillig vergeet hulle die duidelike uitsprake van die Here oor die tiende gebod regdeur die Bybel. Paulus sê in Romeine 7 dat hy nie sou geweet het dat begeerte sonde is nie, as die wet nie gesê het:

Jy mag nie begeer nie. (Romeine 7:7 AFR53)

En nooit as te nimmer is begeer 'n sonde wat die maklikste verskoon kan word nie. Later in die brief aan die Romeine noem Paulus die tiende gebod in dieselfde asem as die sesde, sewende en agtste gebod (Rom 13:9). Dus verbied God in die tiende gebod nie 'n minder ernstige sonde as in enige van die ander gebooië nie. Trouens, die een sonde is nie erger as enige ander sonde nie.

Hierdie tweede groep mense vorm waarskynlik ook die groter groep van die twee groepe mense van wie ons nou praat. Ons sê dit op grond daarvan dat die negende gebod by die meeste gelowiges ook maar lig weeg. Christus noem leuens die eie werk van die duiwel. Selfs vir gelowiges is 'n leuentjie nie altyd so erg nie. Kyk net hoe maklik kan ons sonder om te blik of te bloos die een leuen na die ander uitryg. Kyk net hoe maklik veroordeel ons ons naaste onverhoed en maak ons praatjies wat ons naaste se eer en goeie naam in gedrang bring. Op grond van net hierdie twee voorbeelde oor die negende gebod kan ons met vrymoedigheid sê dat die meeste gelowiges meen die gebooië wat laaste genoem word nie oor sulke ernstige sondes gaan nie. So min as wat die negende gebod baie maal by ons weeg net so min of nog minder weeg die tiende gebod by ons. Broers, susters en kinders, om nou 'n oordeel te vorm oor hierdie twee groepe mense en om te sien by watter een van hierdie twee groepe ons onself skaar en waarvan ons ons moet bekeer, is dit vir ons eers nodig om te weet wat die geestelike agtergrond van die tiende gebod is.

Wanneer ons van begeer praat, dink ons altyd daaraan dat dit mense is wat begeer. Maar in die Skrif leer die Heilige Gees ons dat God ook begeer. En Hy sê dit in soveel woorde ook in Psalm 132:

Want die HERE het Sion uitgekies, Hy het dit as woonplek vir Hom begeer en gesê: Dit is my rusplek vir ewig; hier wil Ek woon, want Ek het dit begeer.
(Psalm 132:13-14 AFR53)

Wanneer die Here begeer, doen Hy dit nie ten koste van iemand anders nie. Wat God begeer, is per slot van rekening sy eiendom. Die aarde en alles daarop behoort aan die Here.

Aangesien die mens na die beeld van God geskape is, is dit tog te verwagte dat die mens

ook die eienskap van begeerte sal hê. Trouens, 'n mens se hele lewe word deur allerlei begeertes gekenmerk, byvoorbeeld die begeerte na kos, klere, besittings, vriendskap, ensovoorts. Om enige van hierdie genoemde dinge te begeer is op sigself nie verkeerd nie. Wanneer Dawid in Psalm 27 sê:

Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek seek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel. (Psalm 27:4 AFR53)

'n Mens sal mos nou nie vir Dawid oor hierdie begeerte veroordeel nie.

Die Here verwerp nie alle begeertes nie. Hy begeer self en die mens mag ook begeer. Voor die sondeval het die mens immers ook begeer. Begeertes is nie iets wat eers met die sondeval by die mens posgevat het nie. Maar daarvan kan ons seker wees, die mens se begeertes voor die sondeval was suiwer en sonder enige besmetting van die sonde.

Ook die duiwel het begeertes, maar sy begeertes is sleg. Sy begeertes is altyd net mooi die teenoorgestelde van wat God begeer. God begeer dat die mens die waarheid sal liefhê en praat. Die duiwel daarteenoor begeer dat die mens die waarheid sal haat en lieg. Hierdie teenoorstaande begeertes van God en die duiwel sien ons in die lewe van Kain. God waarsku vir Kain dat die sonde vir hom lê en loer. God begeer dat Kain oor die sonde sal heers. Die duiwel aan die ander kant begeer om Kain in sy mag te kry sodat hy hom kan laat moord pleeg. Kain het toe ook later aan die slegte begeerte toegegee.

Geliefdes, met hierdie geestelike agtergrond van die tiende gebod kan ons 'n oordeel vorm oor die eerste groep mense van wie ons gepraat het. Alle begeertes is nie verkeerd nie. 'n Mens wat honger of dors is en hy begeer kos of iets om te drink, is dit tog nie verkeerd nie. 'n Mens wat begeer om die wil van God te doen, is tog op die regte pad. Ons bely immers in die tweede deel van antwoord op vraag 113 dat **ons altyd 'n begeerte tot alle geregtigheid moet hê**. Ons moet altyd begeer om in alle omstandighede te doen wat reg is in die oë van die Here.

Maar wanneer is 'n begeerte dan sondig? Dit bely ons in die eerste deel van die antwoord op vraag 113. **Die geringste begeerte wat in ons hart opkom teen enige gebod van God** is verkeerd en sondig. Ons kan dit ook op 'n ander manier sê: Elke begeerte is sondig as die woorde en daade waarin hierdie begeerte konkreet hoorbaar en sigbaar sou word volgens God se Woord 'n sondige daad sal wees. Om kos te begeer wanneer jy honger is, is nie verkeerd nie, maar die begeerte om kos te steel wanneer jy honger is, is verkeerd. Jy mag nie steel nie. Wanneer Calvyn die doel van die tiende gebod verduidelik, sê hy: Elke be-geerte wat teen die liefde indruis, is verkeerd en moet uit ons gemoed verban word. Dus is enige begeerte wat nie my liefde vir God of vir my naaste in woorde en daade sal openbaar nie, 'n sondige begeerte.

Nou bly daar nog vir ons oor om 'n oordeel oor die tweede groep mense te vorm wat meen dat 'n oortreding van die tiende gebod maklik verskoon kan word. Hierdie groep mense huldig ook die siening dat die kerk of owerheid 'n mens nie vir 'n oortreding van die tiende gebod kan tug of straf nie. Die oortreding is tog innerlik van aard en vind tog net in die gedagtes en emosies van die mens plaas. Niemand anders weet van die verkeerde begeerte nie, want niemand kan dit sien nie. Die tiende gebod het vir hierdie mense net met die gesindheid van 'n mens te doen en niks meer nie.

Dit is waar, die tiende gebod gaan juis oor die gesindheid van die mens wat agter elke woord en daad lê. Maar deur jouself wys te maak dat 'n oortreding van die tiende gebod

nie tug-waardig of strafbaar is nie, is 'n fout. Die mense wat hulleself hierdie onsin wysmaak, verskoon hulleself van die sonde en probeer hulleself verontskuldig deur te sê: Maar ek het niemand kwaad aangedoen nie. Ek het maar net in my gedagtes gedink hoe ek iemand kan seermaak. Naderhand glo so 'n mens sy eie leuens só dat 'n oortreding van die tiende gebod glad nie meer vir hom sonde is nie.

Om die fout van hierdie mense se redenasie duidelik uit te wys kan ons twee voorbeelde noem. As 'n man byvoorbeeld 'n ander vrou begeer en nie meer sy eie vrou nie, sal sy vrou baie gou agterkom dat iets nie pluis is nie, al sê hy niks van sy begeerte nie en al sien sy ook nie dat hy iets verkeerd doen nie. So 'n verkeerde begeerte is tog immers tugwaardig in die kerk van die Here. 'n Tweede voorbeeld: Iemand wie se verkeerde begeerte tot uiting kom in 'n poging tot moord, of in die voorneme om iemand ernstig te beseer, of in crimen iniuria (dit is wanneer jy iemand met lelike tekens of woorde in die openbaar vloek), is tog strafwaardig by die staat. Daarom is dit 'n fout om te sê dat 'n oortreding van die tiende gebod maklik verskoonbaar is.

En al kom die verkeerde begeertes ook nie tot uiting in daade of woorde nie, moet ons steeds onthou dat enige verkeerde begeerte uit ons sondige natuur voortkom. En alles wat ons sondige natuur doen, is in stryd met wat die Heilige Gees in ons werk. Daarom bely ons: ***Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie.***

Om ons nog beter te help oor die tweede groep mense moet ons onthou: Sondes kom nie net van buite die mens nie. Dit is nie alleen dobbelary, fuifpartye, pornografie, of watter afskuwelike ding ook al, wat ons tot sondige daade verlei nie. Ons grootste vyand is ons sondige natuur. Deur verkeerde begeertes in Adam en Eva wakker te maak, het die duivel tot in die binneste vestings van die mens gekom. Deur die mens te verlei tot begeertes wat teen die wil van God is, het hy die mens se hele begeertelewe ontwrig. Deur die sondeval het ons menslike natuur in 'n altyd opborrelende fontein van kwaad verander. En alles wat ons sondige natuur bedink of begeer, is teen die wil van God.

Jakobus skryf juis hoe die mens se begeertes na die sondeval werk:

'n Mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood. (Jakobus 1:14-15 AFR83)

So is al die sondige begeertes van die mens. En hierdie sondige begeertes van die mens het al groot verwoesting oor die wêreld aangerig. Esau het sy eie lewe verwoes omdat hy 'n bord lensiesop begeer het. Dawid het sy huis verwoes deur sy begeerte na Uria se vrou. En hierdie verwoesting duur voort. Al die moord en doodslag, al die korrupsie, is gebore uit 'n sondige begeerte wat bevrug geraak het. En hierdie sondes sal almal op die totale dood van die sondaars uitloop.

Maar, broers, susters en kinders, daar is een Mens na die sondeval wie se begeertes glad nie besmet was met die sonde nie. Die Mens is Jesus Christus, ons Verlosser. Soos enige mens het Christus ook begeertes. En omdat Hy ook begeertes gehad het, het die duivel sy kans waargeneem om Hom as die tweede Adam ook deur middel van begeertes tot 'n val te bring. Direk na Jesus se doop het die duivel Hom versoek toe hy Hom verlei het met sy begeerte na kos. Satan het Jesus versoek met begeertes na prestasie. En in die derde plek het hy Jesus verlei met begeerte na mag, rykdom en eer. Maar elke keer het Christus die versoekings weerstaan deur sy gehoorsaamheid aan God se wil.

Selfs toe Christus aan aan die kruis gehang het, het die duiwel dit gewaag om Christus te verlei. Met die geskreue van die Jode dat Hy ander kon verlos maar nie Homself nie, wou die duiwel die begeerte om die pyn te beëindig by Christus opwek. Ook hierdie versoeking het Christus weerstaan deur gehoorsaam te bly aan sy Vader tot in die dood. Om die wil van die Vader te doen en sy verlossingswerk te volbring, was immers Christus se voedsel.

Deur sy volmaakte gehoorsaamheid – ook aan die tiende gebod – het ons Verlosser die duiwel oorwin en gelowiges verlos van hulle verkeerde begeertes en hulle met God versoen.

Maar Christus het ons nie net van ons sondes teen die tiende gebod kom verlos nie. Hy het die oorsaak van die sonde en die dood by die wortel afgesny. Nie net die simptome van ons boosheid is gedokter nie, maar die oorsaak van ons boosheid het 'n ingrypende verandering ondergaan. Christus het sy Heilige Gees in ons uitgestort. En langs die weg van weder-geboorte en bekering verander die Heilige Gees gelowiges se hart. Hy veroorsaak in hulle weer die begeerte om God se wil te doen en afstand te doen van hulle sondige begeertes.

Hoewel die Gees die kliphart uit ons uitgehaal het en aan ons 'n hart van vleis gegee het, beteken dit nie dat gelowiges spontaan altyd die goeie begeer nie. Ons is steeds sondaars, want ons dra nog steeds daar die altyd opborrelende fontein van kwaad in ons rond. Ons het steeds 'n sondige natuur. Daarom sal daar in gelowiges die voortdurende stryd wees tussen die begeertes van ons sondige natuur en die begeertes van die nuwe mens wat die Gees in ons opwek.

Om in hierdie voortdurende stryd nie aan die begeertes van die sondige natuur toe te gee nie, moet ons die werk van die Heilige Gees in ons nie verskraal nie. Ons moet Hom nie weerstaan en bedroef nie. Ons moet eerder biddend bly stry teen alle sondige begeertes. Daarom moet ons onself verloën. Ons moet by die punt kom waar ons sê: *Here, ek kan niks meer self doen nie, nie eers teen my eie natuurlike gedrag stry nie. Laat u Gees volle beheer van my lewe oorneem. Laat Hy ook al my begeertes beheers.* En deur die werk van die Gees moet ons selfbeheers lewe. Doelbewus moet ons nee sê vir elke sondige begeerte wat in ons hart opkom en doelgerig streef na en doen wat God van ons verwag. Daarom bely ons ook: ***Ons moet altyd hartgrondig vyande van alle sondes wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê.***

Ons moet daaraan meewerk om die sonde en dood by die wortel af te sny. Dit kan ons doen deur wag te hou oor ons hart. Ons moet veral versigtig wees met wat in ons hart omgaan, want dit bepaal ons hele lewe. Laat ons elke begeerte wat teen die liefde indruis uit ons hart verban sodat Christus ons hart deur sy Gees met 'n gesindheid van liefde volmaak.

Amen!

Slotgebed

Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.

Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 Oktober 2018